Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# BESIGHEIDSTUDIES

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

*IBUSTA*

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| **B: VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | **3** | **60** | **30 minute** |
| | **4** | **60** | **30 minute** |
| | **5** | **60** | **30 minute** |
| | **6** | **60** | **30 minute** |
| **C: VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **7** | **40** | **30 minute** |
| | **8** | **40** | **30 minute** |
| | **9** | **40** | **30 minute** |
| | **10** | **40** | **30 minute** |
| **TOTAAL** | | **300** | **180 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A tot D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 E.

1.1.1 ŉ Proses waar ŉ besigheid opsetlik ŉ verteenwoordiger uitstuur om hoë-vlak besluitnemers te beïnvloed op sekere aspekte wat die besigheid affekteer, word ... genoem.

A strategiese alliansies
B magverhoudings
C invloedwerwing
D netwerkvorming

1.1.2 Die regsreël wat ŉ persoon se intellektuele eiendom beskerm word ... genoem.

A kopiereg
B patent
C rowery
D handelsmerke

1.1.3 ŉ ... maatskappy is een waarvan al die direkteure gesamentlik en afsonderlik tesame met die maatskappy aanspreeklik is vir enige skuld en onkoste wat deur die maatskappy aangegaan is.

A Privaat-
B Openbare
C In Staatsbesit
D Persoonlike Aanspreeklikheid

1.1.4 ŉ Dokument wat al die inligting bevat wat ŉ potensiële belegger mag nodig hê om die finansiële posisie en vooruitsigte van die maatskappy te assesseer.

A Prospektus
B Sertifikaat van Inlywing
C Kennisweging van Inkorporasie
D Akte van Oprigting

1.1.5 ŉ Werknemer kan afgedank word as gevolg van ...

A bedryfsredes.
B wangedrag.
C onvermoë.
D Al die bogenoemde

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 Een van die voordele van spanwerk:

A Behaal groter uitsette deur sinergie
B Tydrowend en duur
C Benodig tegnologie vir sukses
D Moedig individualisme aan

1.1.7 Hierdie teorie oor die bestuur van verandering is gerig op die langtermynsukses van die onderneming deur klante-tevredenheid:

A Besigheidsproses-herontwerp
B Totale gehaltebestuur
C Kaizen-model
D John Kotter se veranderingsmodel

1.1.8 Die Wet op ... stipuleer die regte van werknemers en werkgewers en dien as ŉ raamwerk vir kollektiewe bedinging in die werkplek.

A Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes
B Diensbillikheid
C Basiese Diensvoorwaardes
D Arbeidsverhoudinge

1.1.9 Die ... is ŉ regsdokument tussen die werknemer en die werkgewer.

A Aanstellingsbrief
B Aanvaardingsbrief
C Dienskontrak
D Aanstellingskontrak

1.1.10 Die ... word bereken deur die kosprys van die verkoopprys af te trek.

A totale produksiekoste
B eenheidskoste
C wins
D gelykbreekpunt (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 ŉ Konstruksie-maatskappy word in die (primêre/sekondêre) sektor bedryf.

1.2.2 ŉ (Maatskappy/Koöperasie) is ŉ tradisionele manier van ŉ groep belanghebbende partye om hulpbronne, infrastruktuur en koste saam te deel om ŉ beter uitkoms te bereik.

1.2.3 ŉ (Vakbond/Werkplekforum) is ŉ regspersoon.

1.2.4 (Globalisering/Wisselkoers) verwys na die beweging tussen lande van meer en meer mense, goedere, kapitaal en idees.

1.2.5 ŉ (Koste/Gelykbreek)-ontleding is ŉ berekening om vas te stel hoeveel eenhede ŉ besigheid moet verkoop, voordat ŉ wins gemaak word.
(5 x 2) (10)

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A tot J) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Uitkontraktering | A Die verpligtinge van ŉ besigheid om die belange van al hul belanghebbendes te beskerm en te verbeter |
| 1.3.2 Konvensionele oplossings | B Kopie- en patentregte wat die oorspronklike werk teen namaaksels en vervalsings beskerm |
| 1.3.3 Intellektuele eiendomsreg | C Die beskrywing van die vereistes vir die werknemer wat vir die pos geskik sou wees |
| 1.3.4 Maatskaplike verantwoordelikheid | D ŉ Proses waar die besigheid betaal vir die gebruik van die toerusting, grond, materiaal of bates eerder as om dit self te koop |
| 1.3.5 Menslikehulpbronbeplanning | E Die roetine-manier waarop probleme altyd of gewoonlik opgelos word |
| | F ŉ Besigheidsooreenkoms waar ŉ besigheid ŉ ander onderneming of persoon gebruik om ŉ taak of funksie uit te voer wat gewoonlik deur die onderneming self uitgevoer kon word |
| | G Oplossing van probleme op unieke maniere |
| | H Bepaal hoeveel werknemers die besigheid nodig het om doeltreffend sake te doen |
| | I ŉ Eksklusiewe reg vir ŉ nuwe uitvinding toegestaan |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ nuwe bladsy, VRAAG 3 op ŉ nuwe bladsy, ensovoorts.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Lees die scenario van ŉ visie en missie van QFC hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **QFC**
>
> **Visie**
> Om kos te verkoop in ŉ vinnige, vriendelike omgewing wat ŉ aanklank vind by gesondheidsbewuste kliënte.
>
> **Missie**
> Ons passie, as ŉ restaurant, is om die 'yum' op menses se gesigte rondom die wêreld te sit, bevrediging van kliënte elke keer wat hulle ons kos eet en om dit beter as die ander restaurante te doen.

2.1.1 Noem die besigheidsektor waarin QFC bedryf word en motiveer jou antwoord. (3)

2.1.2 Die visie en missie is een van die komponente van die mikro-omgewing.

Dui aan die mate van beheer wat QFC oor die mikro-omgewing sou hê. (2)

2.1.3 Verduidelik hoe die gebrek aan ŉ visie en missie ŉ uitdaging vir die besigheid kan wees. (6)

2.2 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **Plaaslike mikrolenings op ŉ glybaan**
> Onveilige mikrolenings groei, ten spyte van hoë risiko
>
> Suid-Afrika het buitengewone groei in die onveilige mikrolenings oor die laaste paar jare gesien. Dit is te danke aan Suid-Afrikaanse banke wat onberekende risiko's geneem het ten gunste van hoër premies en as gevolg van ŉ regstelling van vorige teenstrydighede in die Suid-Afrikaanse krediet-bedryf.
>
> [www.moneyweb.co.za]

2.2.1 Haal uit die artikel TWEE redes aan hoekom Suid-Afrika buitengewone groei in onveilige mikrolenings oor die laaste paar jare gesien het. (2)

2.2.2 Beskryf die term *"mikrolenings"*. (4)

2.2.3 Verduidelik hoe mikrolenings ŉ uitdaging in die makro-omgewing van ŉ besigheid kan wees. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Bestuurder afgedank vir seksuele teistering**

"Die seksueel suggestiewe e-posse wat deur die bestuurder aan ʼn vroulike werker, wat ʼn motorskoonmaakdienste by ʼn handelaarperseel gestuur het, het teruggekom om verlede maand by hom te spook."

[Vertaal en aangepas: *The Herald* 24 Februarie 2015]

2.3.1 Haal uit die artikel aan die rede waarom die bestuurder vir seksuele teistering afgedank is. (2)

2.3.2 Definieer die konsep *"seksuele teistering"*. (4)

2.3.3 Verduidelik die effek van seksuele teistering op ʼn besigheid. (2)

2.3.4 Bespreek maniere waarop seksuele teistering in die werkplek aangespreek kan word. (10)

2.4 Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Pikitup-werkers staak**

JOHANNESBURG – Afvalbestuurmaatskappy Pikitup het bevestig dat hulle werkers wat aan die Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersunie geaffilieer is, begin staak het, wat die meeste van hulle depots in Johannesburg affekteer.

EWN

2.4.1 Identifiseer die tipe nywerheidsoptrede wat die werkers van Pikitup hul na gewend het. (1)

2.4.2 Verduidelik die tipe nywerheidsoptrede geïdentifiseer in VRAAG 2.4.1. (2)

2.4.3 Identifiseer die vakbond waaraan die werkers van Pikitup behoort. (1)

2.4.4 Definieer die term *"vakbond"*. (3)

2.4.5 Analiseer FIVE funksies van ʼn vakbond. (10)

2.5 Bespreek die volgende tipes nywerheidsoptredes:

2.5.1 Uitsluiting (2)

2.5.2 Sloerstaking (2)

**[60]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**_Headboy Industries'_ Ludwick Marishane**

Ludwick Marishane het Droë Bad ontwikkel en is die stigter van *Headboy Industries*. Volgens *Forbes*, was hy in die hoërskool toe hy aan Droë Bad, ŉ gel wat al die werk doen van ŉ bad sonder water, gedink het.

In 2011 het Marishane die Globale Studente Entrepreneur van die Jaar-toekenning ontvang.

[Vertaal en aangepas uit: thesouthafrican.com]

3.1.1 Identifiseer VYF entrepreneurseienskappe wat Ludwick Marishane sal nodig hê om van hom ŉ suksesvolle entrepreneur te maak. (5)

3.1.2 Bespreek die suksesfaktore van *Headboy Industries* in terme van:

(a) Volhoubaarheid
(b) Winsgewendheid
(c) Klantebasis (12)

3.1.3 Verduidelik die bronne van befondsing wat Marishane vir die finansiering van *Headboy Industries* kan gebruik. (10)

3.2 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Pad na sukses: Waarom is ŉ goeie besigheidsplan onontbeerlik?**

3.2.1 Omskryf in breë trekke die belangrikheid om ŉ besigheidsplan te hê om die sukses van ŉ besigheid te verseker. (6)

3.2.2 Verduidelik DRIE beplanningsmiddele wat nodig is om ŉ besigheidsplan in ŉ aksieplan te omskep. (12)

3.3 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**'In besigheid vir jouself, maar nie op jou eie nie'**

"As ŉ Konsessie-gewer, kom my grootste beloning om te sien dat konsessie-houers die geleentheid tot sukses aangryp en vir my om hulle op alle maniere te ondersteun om hulle te help om hulle drome te bewaar."

Jim Evanger

3.3.1 Noem TWEE partye betrokke in ŉ konsessie (*franchise*) wat in die bostaande artikel genoem is. (2)

3.3.2 Bespreek maniere waarop die konsessie-gewer die konsessie-houer kan ondersteun om sy/haar drome te bereik. (6)

3.3.3 Identifiseer die ooreenkoms wat die twee partye betrokke in ŉ konsessie aangaan. (1)

3.3.4 Spesifiseer DRIE betalings wat in die ooreenkoms geïdentifiseer in VRAAG 3.3.3, gestipuleer word. (6)
**[60]**

## VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| ***COMBAT*-SEKURITEIT** |
|---|
| Ruth het haar pa se sekuriteitsmaatskappy geërf. Sy het van 'n jong ouderdom af gereeld saam met hom werk toe gegaan. Sy het nooit besef hoe stresvol sy werksomgewing al die jare was nie. Meeste van die sekuriteitswagte word blootgestel aan gevaarlike situasies en die kantoorwerkers moet ook die een krisis na die ander hanteer. Sy oorweeg dit om 'n paar veranderinge in die besigheid te maak, maar sy is bekommerd dat van die werkers die veranderinge sal teenstaan. |
| [Bron: Saamgestel deur eksaminator] |

4.1.1 Beskryf die term "*stresvolle werksomgewing*". (4)

4.1.2 Verduidelik hoe die werksure van die sekuriteitswagte kan bydra tot hulle stresvlakke. (4)

4.1.3 Evalueer die effek van stres wat Ruth in haar besigheid moes oorweeg het. (12)

4.1.4 Noem die AGT stappe wat John Kotter geïdentifiseer het in sy veranderingsmodel om veranderinge suksesvol te bestuur. (8)

4.1.5 Stel redes voor waarom sommige werkers veranderinge mag weerstaan. (12)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| ***EDU-PLAY*** |
|---|
| Rene het 'n klein kleuterskool in Port Elizabeth. Die skool maak 2 uur in die middag toe, maar Rene moet gereeld vir ouers tot na 4 uur wag om hulle kinders te kom haal. Sy het al met die ouers wat hul kinders laat kom haal individueel gepraat. Een middag terwyl sy vir van die ouers wag om hul kinders te kom haal, het sy 'n artikel gelees oor hoe kreatiewe denke gebruik kan word om probleme op te los en ook oor die sielkundige struikelblokke wat verhinder dat 'n mens 'n probleem korrek herken of 'n oplossing vir daardie probleem vind. |
| [Bron: Saamgestel deur eksaminator] |

4.2.1 Identifiseer Rene se probleem. (2)

4.2.2 Noem VIER probleemoplossingstegnieke wat Rene kan gebruik om haar probleem op te los. (4)

4.2.3 Beskryf die konsep *"kreatiewe denke"*. (4)

4.2.4 Verduidelik VYF sielkundige struikelblokke wat verhinder dat 'n mens 'n probleem korrek herken of 'n oplossing vir daardie probleem vind. (10)

**[60]**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***CAMPING SAFARIS***

*Camping Safaris* is ŉ besigheid wat kampeertoerusting verkoop. Hulle het ŉ groot verskeidenheid van produkte beskikbaar, maar het onlangs besef dat meer en meer mense vir ŉ koepeltent wat ook as ŉ gazebo kan dien, vra. *Camping Safaris* het probeer om ŉ plaaslike verskaffer te vind, maar was onsuksesvol. Hulle oorweeg dit om die produk self te vervaardig of om ŉ verskaffer oorsee te vind wat die produk kan verskaf.

[Bron: Saamgestel deur eksaminator]

5.1.1 Identifiseer die soort verbruikersgoedere wat in die bostaande scenario genoem word. (2)

5.1.2 Omskryf in breë trekke VIER voordele indien *Camping Safaris* buitelandse bemarking gebruik. (8)

5.1.3 Verduidelik die SES stappe wat *Camping Safaris* sal moet volg in die ontwerp van die produk. (12)

5.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

***EAST CAPE*-VERVOER**

Ayanda is die alleeneienaar van *East Cape*-vervoer, wat aflewerings oor die hele Oos-Kaap maak. Hy het ŉ assistentbestuurdersposisie in ŉ nasionale koerant geadverteer. Die advertensie spesifiseer die posvereistes en spesifikasies en het ook verklaar dat alle kortlys-kandidate aan siftingstoetse onderwerp sal word. Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om ŉ dienskontrak te teken.

[Bron: Saamgestel deur eksaminator]

5.2.1 Noem enige TWEE voorbeelde van siftingstoetse. (2)

5.2.2 Stel VIER belangrike aspekte van inligting voor wat Ayanda in die werknemers se dienskontrakte sal moet insluit. (8)

5.2.3 Beveel die prosedures aan wat Ayanda sal moet volg wanneer keuring en onderhoudvoering van nuwe werknemers plaasvind. (12)

5.3 Noem VIER metodes van reklame wat besighede kan gebruik om die produkte en dienste wat hul lewer te adverteer. (4)

5.4 Bespreek VIER prysbepalingstrategieë wat besighede vir hul produk kan gebruik. (12)
**[60]**

## VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWING

6.1 Lees die volgende scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Suid-Afrika se grootste kitskos restaurantketting, JJ Brands, gaan ŉ 51% aandeel in die onlangse bekendgestelde plaaslike firma Braai *Mexican Grill* neem. |

6.1.1 Verduidelik wat bedoel word met ŉ 51% aandeel in "...JJ Brands, gaan ŉ 51% aandeel in die onlangse bekendgestelde plaaslike firma Braai *Mexican Grill* neem." (2)

6.1.2 Omskryf DRIE voordele van oornames/verkrygings. (6)

6.2 Onderskei tussen *netwerkvorming* en *invloedwerwing*. (8)

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

6.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Besighede kommunikeer met verskeie behanghebbendes op ŉ daaglikse basis. Kommunikasie kan of verbaal of nie-verbaal wees. Die doeltreffende aanbieding van besigheidsinligting is een van die sleutel-elemente in die kommunikasie-proses. |

6.3.1 Lys DRIE visuele hulpmiddels wat tydens ŉ aanbieding gebruik kan word. (3)

6.3.2 Verduidelik die verskil tussen verbale en nie-verbale kommunikasie. (4)

6.4 Noem die SEWE stappe in verslagskrywing. (7)

### BESIGHEIDSROLLE

6.5 Identifiseer elk van die volgende stellings as onprofessioneel of oneties.

6.5.1 Die finansiële bestuurder se persoonlike assistent vertel sy kollegas en vriende hoeveel sy bestuurder as ŉ bonus ontvang.

6.5.2 Die menslikehulpbrondepartement laat nie kandidate weet dat hulle onsuksesvol was nie.

6.5.3 ŉ Polisie-offisier aanvaar omkoopgeld om ŉ oortreder vry te laat gaan.
(3 x 2) (6)

6.6 Bespreek DRIE beginsels van professionalisme. (9)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

6.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| ***Just Paint Ltd*** |
|---|
| Linda werk in 'n verffabriek en sy sukkel met longinfeksie veroorsaak deur die verfdampe. Die fabriek voorsien nie beskermende maskers aan hul werkers nie en die middagete-breuk is nie volgens wetgewing nie. |

6.7.1 Noem TWEE oortredings waaraan *Just Paints Ltd* nie gehoor gee in die bostaande scenario nie. (2)

6.7.2 Identifiseer die Wet wat Linda kan benader om advies te kry oor die betaling van haar mediese toestand. (1)

6.8 Verduidelik die doel van wetgewing aangaande die impak op die menslikehulpbronfunksie in terme van die volgende wette:

6.8.1 Wet op Arbeidsverhoudinge (6)

6.8.2 Wet op Gelyke Indiensneming (6)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 8 op ŉ NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWING

| |
|---|
| Sosio-ekonomiese faktore kan die doeltreffendheid van ŉ besigheid beïnvloed, die manier waarop produkte bemark en versprei word, die vlak van inkomste en die koste verbonde om besigheid te doen. Hantering van hierdie faktore forseer die entrepreneur en besigheid om strategiese bestuursbesluite te neem wat die vermoë vereis om die aard en die impak van hierdie faktore op die besigheid te verstaan. |

Met verwysing na die stelling hierbo:

- Definieer die term *"sosio-ekonomiese kwessies".*
- Verduidelik die volgende sosio-ekonomiese kwessies:
  - Ekonomiese misdaad
  - Ongeletterdheid en gebrek aan vaardighede
  - Onbeskikbaarheid van natuurlike hulpbronne
  - Storting
- Omskryf VIER uitdagings wat elke sosio-ekonomiese kwessie op besigheidbedrywighede het. **[40]**

### VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

| **ZP GASTEHUIS** |
|---|
| Zuko en sy broer Phiwe het al vir die afgelope vyf jaar ŉ gastehuis bedryf. Hulle was nog altyd gelukkig daarmee om die besigheid saam te bestuur. Nadat hul suster haar graad ontvang het, nader sy hulle om hulle te help met die bestuur van die besigheid. Sy besef baie vinnig dat hulle besigheid een groot swakpunt het; hulle is persoonlik aanspreeklik vir die skuld van die besigheid. Sy wil hê hulle moet oorweeg om hul huidige ondernemingsvorm na ŉ privaatmaatskappy te verander. |

Sy het jou as ŉ onafhanklike besigheidsadviseer genader. Jou advies moet die volgende insluit:

- Identifiseer hulle huidige ondernemingsvorm.
- Omskryf VIER nadele van hul huidige ondernemingsvorm.
- Bespreek die voordele vir die verandering na ŉ privaatmaatskappy.
- Verduidelik die stigtingsprosedures van ŉ privaatmaatskappy. **[40]**

## VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE

***WILD COAST*-KONSTRUKSIE**

Luke en Themba is ou skool vriende en nadat hulle hul grade in Konstruksie Ingenieurswese en Besigheidsbestuur onderskeidelik voltooi het, besluit hulle om ŉ konstruksie-besigheid te begin. Nadat hulle die besigheid vir slegs ses maande het, kom hulle tot die gevolgtrekking dat hulle gereeld in konflik met mekaar en met hul arbeidsmag is. Hulle werk nie goed saam nie en hulle besigheid ly daaronder.

Verwys na die scenario hierbo en skryf ŉ opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Definieer die konsep van konflik.
- Omskryf SES moontlike oorsake van konflik.
- Bespreek die VIER fases van spanontwikkeling.
- Verduidelik die komponente van ŉ gebalanseerde span volgens die Belbin-rolteorie aan hulle. **[40]**

## VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

***ULTI-TANG***

*Ulti-tang* is ŉ koeldrankvervaardiger. Hulle gebruik ŉ lotproduksiestelsel in hul fabriek. Veiligheidsbestuur en gehaltebeheer is belangrik om die veiligheid van hul werknemers en die gehalte van hul produkte te verseker.

Verwys na die scenario hierbo en skryf ŉ opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Verduidelik ŉ lotproduksiestelsel.
- Bespreek die kenmerke van ŉ lotproduksiestelsel.
- Evalueer die positiewe impak van gehaltebeheer vir *Ulti-tang*.
- Omskryf die vereistes waaraan *Ulti-tang* moet voldoen met betrekking tot die veilige gebruik van hul masjinerie. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou